E.....	−35 907,45	+3 736 668,68
F.....	−35 934,27	+3 736 855,16
G.....	−35 969,33	+3 736 976,59

CHINESE GROUP

(9) From the point where the north-western boundary of Erf 3238, Uitenhage, is intersected by the straight line joining points C and D, south in a series of straight lines through the said point D to the point where the straight line joining the said point D and the easternmost beacon of Erf 3162, intersects the middle of Caledon Street; thence north-west along the middle of the said Caledon Street to the point where it is intersected by the prolongation of the south-eastern boundary of Erf 3264; thence north-east along the said prolongation and the boundaries of the following erven, namely Erven 3384, 3289, 3263, across Cross Street, and Erf 3250, so as to include them in this area, to the western beacon of the last-mentioned erf; thence north-west in a straight line to the southernmost beacon of Erf 3225; thence north-east along the north-western boundary of the said Erf 3238 to the point first named.

The co-ordinates of the points mentioned above, based on the Gauss Conform System Lo 25°, are as follows:

	Y	X
C.....	−36 339,37	+3 736 705,97
D.....	−36 361,10	+3 736 976,11

No. 63, 1973

BREEDE RIVER CONSERVATION BOARD, DIVISIONS OF WORCESTER, ROBERTSON AND SWELLENDAM, CAPE PROVINCE.—TRANSFER OF CONTROL OF CERTAIN OF THE BOARD'S WATER WORKS AND ACCOMPANYING RIGHTS TO THE STATE

Whereas the State President may, in terms of section 95A (1) (a) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), by proclamation in the *Gazette* vest in the Minister of Water Affairs the power of control of the water works belonging to an irrigation board, and the power of control of the distribution, supply or use of water in or from such water work within an irrigation district proclaimed as such;

And whereas it has become necessary for such control of the following water works and accompanying rights of the Breede River Conservation Board to be vested in the Minister:

Lake Marais;

feeder canal from the Smalblaar and Holsloot Rivers to Lake Marais;

outlet canal from Lake Marais to the Breë River;

all servitudinal rights attached to the aforemenioned water works;

grond geregistreer ten gunste van die Breederivierbewaringsraad en geleë binne die volvoorraadhoogte van die Groter-Brandvleistaatsdam soos beskryf in Witskrif WP J-'72;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 95A (1) (a) van genoemde Wet, hierby die beheer oor gemelde waterwerke en regte binne die Breederivierbewaringsdistrik aan die Minister van Waterwese oordra.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sestiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

land registered in favour of the Breede River Conservation Board and situated within the full-supply level of the Greater Brandvlei State Dam as described in White Paper WP J-'72;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by section 95A (1) (a) of the said Act, I hereby assign the control of the said water works and rights within the Breede River Conservation District to the Minister of Water Affairs.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Sixteenth day of January, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 339 9 Maart 1973

WET OP DIE REËLING VAN DIE TOELATING VAN PERSONE TOT DIE REPUBLIEK, 1972 (WET 59 VAN 1972)

Ingevolge subartikel (2) van artikel 53 van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, No. 59 van 1972, magtig ek, James Thomas Kruger, Adjunk-minister van Binnelandse Sake, hiermee mej. Mary Rubina Rooke, van die Departement van Indiërsake om vrystellingsertifikate wat uitgereik word kragtens subartikel (1) van artikel 19 van genoemde Wet, saamgelees met paragraaf 22 van die regulasies, uitgevaardig ooreenkomstig voormelde Wet, te onderteken.

J. T. KRUGER, Adjunk-minister van Binnelandse Sake.
21 Februarie 1973.

No. 341 9 Maart 1973

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.—WYSIGING VAN LYS

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:

Hasenherz—John Updike.

Goewermentskennisgewing 1953, gedateer 8 Desember 1967 word dienooreenkomstig gewysig.

No. 342 9 Maart 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B257

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Publikasie deur/Publication by

1. *Body, The*—Ben's Books Ltd, London.
2. *Erotik in der Kunst*—Von Pierre Cabanne.
3. *Man Who Loved Women, The*—Ernest Borneman.
4. *Screen*—Barry Malzberg.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 339 9 March 1973

ADMISSION OF PERSONS TO THE REPUBLIC REGULATION ACT, 1972 (ACT 59 OF 1972)

In terms of subsection (2) of section 53 of the Admissions of Persons to the Republic Regulation Act, No. 59 of 1972, I, James Thomas Kruger, Deputy Minister of the Interior, hereby authorise Miss Mary Rubina Rooke of the Department of Indian Affairs, to sign Certificates of Exemption which may be issued in terms of subsection (1) of section 19 of the Act read with paragraph 22 of the regulations framed under the Act.

J. T. KRUGER, Deputy Minister of the Interior.
21 February 1973.

No. 341 9 March 1973

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—AMENDMENT OF LIST

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted:

Hasenherz—John Updike.

Government Notice 1953, dated 8 December 1967, is amended accordingly.

No. 342 9 March 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B257

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), declared that the undermentioned goods are objectionable:

5. *Sex Clinic, The*—J. J. Lyly.

Nuusblad/Newspaper

6. *Volkischer Beobachter* 31/1/33 *Ausgabe A/Norddeutsche Ausgabe* (herdruk van oorspronklike/reprint of the original).

No. 343 9 Maart 1973

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A273

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

Publikasies deur/Publications by

1. *Book of Grass, The*—George Andrews en/and Simon Vinkenoog.
2. *Prison Writings*—Régis Debray.
3. *Where do Babies Come From?*—Margaret Sheffield.

No. 343 9 March 1973

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A273

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

Plakkate/Posters

4. *"Feet-Back"* 10 0623. Foto/Photo: Bror Bernild. Gepubliseer deur/Published by Minerva A/S, Copenhagen 1971. Gedruk in Denemarke/Printed in Denmark.
5. *"Fly United"*.

No. 344 9 Maart 1973

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.—WYSIGING VAN LYS

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:

Der Hirschpark—Norman Mailer.

Goewermentskennisgewing 1653, gedateer 21 Oktober 1966 word dienooreenkomstig gewysig.

No. 344 9 March 1973

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—AMENDMENT OF LIST

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted:

Der Hirschpark—Norman Mailer.

Government Notice 1653, dated 21 October 1966, is amended accordingly.

No. 349 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—PERIVOLARIS IN PERRIS

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Constantinos Perivolaris, woonagtig te Paxinoshof 3, Merrimanlaan, Vereeniging, te magtig om die van Perris aan te neem.

No. 349 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—PERIVOLARIS TO PERRIS

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Constantinos Perivolaris, residing at 3 Paxinos Court, Merriman Avenue, Vereeniging, to assume the surname of Perris.

No. 350 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—MAHOMED IN KOKATAY

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Mahomed Cassim Mahomed, woonagtig te Goodchildstraat 14, Vryburg, te magtig om die van Kokatay aan te neem.

No. 350 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—MAHOMED TO KOKATAY

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Mahomed Cassim Mahomed, residing at 14 Goodchild Street, Vryburg, to assume the surname of Kokatay.

No. 351 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—N'GCAKANIE IN NORMAN

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Norman Wesley N'Gcakanie en sy vrou Jane, gebore Kallo, woonagtig te Daphnehof 23, Heideveldweg, Heideveld, Kaap, te magtig om die van Norman aan te neem.

No. 351 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—N'GCAKANIE TO NORMAN

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Norman Wesley N'Gcakanie and his wife Jane, born Kallo, residing at 23 Daphne Court, Heideveld Road, Heideveld, Cape, to assume the surname of Norman.

No. 352 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—NAIDOO IN JARDINE

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Bobby Naidoo, sy vrou Fatima, gebore Davids, en sy minderjarige kinders Ashraf, Nadeem en Natasha, woonagtig te Welmanlaan 42, Newclare, Johannesburg, te magtig om die van Jardine aan te neem.

No. 352 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—NAIDOO TO JARDINE

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Bobby Naidoo, his wife Fatima, born Davids, and his minor children Ashraf, Nadeem and Natasha, residing at 42 Welman Avenue, Newclare, Johannesburg, to assume the surname of Jardine.

No. 353 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—BOSCH IN INGLIS

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Martin Bosch, sy vrou Cynthia, gebore Hardman, en sy minderjarige kinders Laurette Karen en Clinton Lloyd, woonagtig te Wevelaan 11, Maidstone, Noordkus, Natal, te magtig om die van Inglis aan te neem.

No. 354 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—DU PREEZ IN VAN DER MERWE

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Jacques du Preez en Daniël du Preez, woonagtig te Vandenheeverlaan 8, La Hoff, Klerksdorp, te magtig om die van Van der Merwe aan te neem.

No. 355 9 Maart 1973

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—BIETZ IN BEITZ

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Julius Bietz, woonagtig te Cooperstraat 37, Cyrildene, Johannesburg, te magtig om die van Beitz aan te neem.

No. 366 9 Maart 1973

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A274

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

Publikasies deur/Publications by

1. *Cry Rage*—James Matthews and Gladys Thomas.
2. *Eroticism in Contemporary Art*—Volker Kahmen.
3. *Punctual Rape, The*—Campbell Black. Panther Book 586 0366 0 (slegs omslag/cover only).

No. 367 9 Maart 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B258

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Publikasie deur/Publication by

1. *Godhead*—Paulo Montano.
2. *Playboy Bunnies*—Playboy Press, Chicago, Illinois.

Kalender Gepubliseer deur/Calendar Published by

3. *Calendar* 1972, *Laughs Between the Sheets*—Custom Card (N.S.W.) Pty Ltd, Artarmon, N.S.W. 2064.
4. *Pirelli Pin-up Calendar* 1973—ontwerp en vervaardig deur/designed and produced by The Derek Forsyth Partnership. Gedruk in Engeland/Printed in England.

No. 353 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—BOSCH TO INGLIS

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Martin Bosch, his wife Cynthia, born Hardman, and his minor children Laurette Karen and Clinton Lloyd, residing at 11 Weve Avenue, Maidstone, North Coast, Natal, to assume the surname of Inglis.

No. 354 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—DU PREEZ TO VAN DER MERWE

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Jacques du Preez and Daniël du Preez, residing at 8 Van den Heever Avenue, La Hoff, Klerksdorp, to assume the surname of Van der Merwe.

No. 355 9 March 1973

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—BIETZ TO BEITZ

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Julius Bietz, residing at 37 Cooper Street, Cyrildene, Johannesburg, to assume the surname of Beitz.

No. 366 9 March 1973

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A274

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

Publikasies deur/Publications by

1. *Cry Rage*—James Matthews and Gladys Thomas.
2. *Eroticism in Contemporary Art*—Volker Kahmen.
3. *Punctual Rape, The*—Campbell Black. Panther Book 586 0366 0 (slegs omslag/cover only).

No. 367 9 March 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B258

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), declared that the undermentioned goods are objectionable:

Publikasie deur/Publication by

1. *Godhead*—Paulo Montano.
2. *Playboy Bunnies*—Playboy Press, Chicago, Illinois.

Kalender Gepubliseer deur/Calendar Published by

3. *Calendar* 1972, *Laughs Between the Sheets*—Custom Card (N.S.W.) Pty Ltd, Artarmon, N.S.W. 2064.
4. *Pirelli Pin-up Calendar* 1973—ontwerp en vervaardig deur/designed and produced by The Derek Forsyth Partnership. Gedruk in Engeland/Printed in England.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 356 9 Maart 1973

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. George Henry Hawkins met ingang van 3 Februarie 1973 erkenning verleen is as Konsul van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Johannesburg, met die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat en daardie gedeelte van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop bestaande uit die landdrosdistrikte Mafeking, Vryburg, Taung, Hartswater, Warrenton, Barkly-Wes, Kimberley, Herbert, Hopetown, Prieska, Hay, Postmasburg en Kuruman as sy regsgebied, in afwagting van die ontvangs van sy Benoemingsbrief. Mnr. Hawkins is die opvolger van mnr. L. P. Biggie.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 356 9 March 1973

It is hereby notified that with effect from 3 February 1973 recognition has been granted to Mr George Henry Hawkins as Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State and that portion of the Province of the Cape of Good Hope comprising the Magisterial Districts of Mafeking, Vryburg, Taung, Hartswater, Warrenton, Barkly West, Kimberley, Herbert, Hopetown, Prieska, Hay, Postmasburg and Kuruman as his area of jurisdiction, in anticipation of the receipt of his Commission of Appointment. Mr Hawkins is the successor to Mr L. P. Biggie.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 347 9 Maart 1973

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 6-PERSENT, 1991

EFFEKTESERTIFIKAAT 535 VIR R250, UITGEREIK TEN GUNSTE VAN BOEDEL WYLE HENDRIKA ELIZABETH MOSSOP

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde Effektesertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 347 9 March 1973

LOCAL REGISTERED STOCK, 6 PER CENT, 1991

STOCK CERTIFICATE 535 FOR R250, ISSUED IN FAVOUR OF ESTATE LATE HENDRIKA ELIZABETH MOSSOP

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Stock Certificate the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original is produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate as applied for, will be issued.

No. 359 9 Maart 1973

TENDERS VIR VYFJAAROBLIGASIES VIR NIE-INWONERS

Tenders sal om 11 vm. op 2 April 1973 sluit vir Vyfjaarobligasies vir Nie-inwoners, ter waarde van ongeveer R1 000 000 (eenmiljoen rand) teen 'n minimum prys van R85% (vyf-en-tagtig rand persent) op die terme en voorwaardes soos neergelê in die prospektus, gedateer 1 Julie 1964.

Prospektusse is by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika sowel as die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar.

Elke tender moet van 'n aparte tjek vergesel gaan.

No. 359 9 March 1973

TENDERS FOR FIVE YEAR NON-RESIDENT BONDS

Tenders will close at 11 a.m. on 2 April 1973, for Five Year Non-Resident Bonds, to the value of approximately R1 000 000 (one million rand) at a minimum price of R85% (eighty-five rand per cent) on the terms and conditions stipulated in the prospectus, dated 1 July 1964.

Prospectuses are obtainable from banks in the Republic and South-West Africa as well as from the Treasury, Union Buildings, Pretoria.

Each tender must be accompanied by a separate cheque.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 345 9 Maart 1973

HAWEGESONDHEIDSREGULASIES

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 86 gelees met artikel 157 van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), Bylae C van die regulasies wat uitgevaardig kragtens genoemde artikel 86 en afgekondig by Goewermentskennisgewing 988 van 1924, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 2518 van 13 Oktober 1950, 1451 van 27 Junie 1952 en R. 1577 van 6 Oktober 1967, met ingang van 1 Desember 1972 gewysig deur regulasie 8 deur die volgende te vervang:

"8. (a) Vir die algehele beroking van klein skepies of die beroking van enige gedeelte van 'n skip (met 'n konsentrasie van watersiaangas sterk geoeg om weeluise en

DEPARTMENT OF HEALTH

No. 345 9 March 1973

PORT HEALTH REGULATIONS

The Minister of Health has, under the powers conferred on him by section 86 read with section 157 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), with effect from 1 December 1972, amended Schedule C to the regulations made under the said section 86 and published under Government Notice 988 of 1924, as amended, by Government Notices 2518 of 13 October 1950, 1451 of 27 June 1952 and R. 1577 of 6 October 1967, by the substitution for regulation 8 of the following:

"8. (a) For the complete fumigation of small ships or the fumigation of any portion of a ship (with a concentration of hydrocyanic acid gas sufficient to kill bed-

kakkerlakke dood te maak) met 'n kubieke berokingskapasiteit van minder as 30 001 kubieke voet teen die volgende tariewe:

	R
Tot 8 000 kub vt	78,94
Van 8 001 kub vt tot 12 000 kub vt	102,60
Van 12 001 kub vt tot 16 000 kub vt	126,28
Van 16 001 kub vt tot 20 000 kub vt	142,03
Van 20 001 kub vt tot 30 000 kub vt	157,87

Pryse is bestendig.

(b) Vir die algehele beroking van skepe of die beroking van enige gedeelte van 'n skip met 'n kubieke berokingskapasiteit van 30 001 kubieke voet tot 100 000 kubieke voet teen die volgende tariewe:

Benaderde kubieke berokingskapasiteit	*Koste van uitroei van rotte, muise, vlooie, weeluise en kakkerlakke*
	R
Van 30 001 kub vt tot 35 000 kub vt	164,95
Van 35 001 kub vt tot 40 000 kub vt	177,62
Van 40 001 kub vt tot 45 000 kub vt	190,26
Van 45 001 kub vt tot 50 000 kub vt	203,68
Van 50 001 kub vt tot 55 000 kub vt	217,05
Van 55 001 kub vt tot 60 000 kub vt	229,72
Van 60 001 kub vt tot 70 000 kub vt	236,81
Van 70 001 kub vt tot 80 000 kub vt	244,68
Van 80 001 kub vt tot 90 000 kub vt	252,56
Van 90 001 kub vt tot 100 000 kub vt	260,48

(c) Vir die beroking van skepe (vir die uitroei van slegs rotte, muise en vlooie) met 'n kubieke kapasiteit van meer as 100 000 kubieke voet teen die volgende tariewe:

Benaderde kubieke berokingskapasiteit	Skepe met ballas per 1 000 kub vt	Gelaaide of gedeeltelik gelaaide skepe per 1 000 kub vt
	R	R
Van 100 001 kub vt tot 200 000 kub vt	1,44	1,50
Van 200 001 kub vt tot 300 000 kub vt	1,32	1,44
Van 300 001 kub vt tot 400 000 kub vt	1,23	1,32
Van 400 001 kub vt tot 450 000 kub vt	1,14	1,23
Van 450 001 kub vt tot 500 000 kub vt	1,11	1,20
Van 500 001 kub vt tot 550 000 kub vt	1,08	1,14
Van 550 001 kub vt tot 600 000 kub vt	1,07	1,11
Van 600 001 kub vt tot 650 000 kub vt	0,99	1,08
Van 650 001 kub vt tot 700 000 kub vt	0,93	1,07
Van 700 000 kub vt en hoër	0,90	0,99

(d) Vir die beroking van akkommodasie, pakkamers, kwartiere, es., vir die uitroei van weeluise en kakkerlakke, waar die skeepsruim ook berook word, sal bostaande bedrae vir vaartuie in ballas verhoog word deur R0,25 per 1 000 kubieke voet van sodanige kwartiere.

(e) Vir die beroking van skepe wat vir die vervoer van toepe of krygsgevangenes gebruik word of skepe waar die grootste gedeelte van die beskikbare ruimte vir ander doeleindes as die opberging van vrag (bv. hospitaal- of oorlogskepe) gebruik word, is daar vir die uitroei van rotte en uitgegroeide kakkerlakke dwarsdeur die skepe 'n uniforme tarief van R1,56 per 1 000 kubieke voet ruimte wat berook word en wat minstens 12 uur lank aan gas blootgestel word.

(f) Vir die beroking van skepe vir die uitroei van luise dwarsdeur die skepe deur blootstelling aan gas van minstens 12 uur lank, 'n uniforme tarief van R1,60 per 1 000 kubieke voet ruimte wat berook word.

(g) Vir die toediening van 'n nawerkende spuitmiddel met 'n langdurende effek, 'n vordering van R7,50 per gelling, met 'n minimum van R14,50 per enkele skip.".

bugs and cockroaches) having a cubic capacity for fumigation of under 30 001 cubic feet, fees at the following rates:

	R
Up to 8 000 cu ft	78,94
From 8 001 cu ft to 12 000 cu ft	102,60
From 12 001 cu ft to 16 000 cu ft	126,28
From 16 001 cu ft to 20 000 cu ft	142,03
From 20 001 cu ft to 30 000 cu ft	157,87

Prices are firm.

(b) For the complete fumigation of ships or the fumigation of any portion of a ship having a cubic capacity for fumigation of 30 001 cubic feet to 100 000 cubic feet, fees at the following rates:

Approximate cubic capacity for fumigation	*Price for the extermination of rats, mice, fleas, bed-bugs and cockroaches*
	R
From 30 001 cu ft to 35 000 cu ft	164,95
From 35 001 cu ft to 40 000 cu ft	177,62
From 40 001 cu ft to 45 000 cu ft	190,26
From 45 001 cu ft to 50 000 cu ft	203,68
From 50 001 cu ft to 55 000 cu ft	217,05
From 55 001 cu ft to 60 000 cu ft	229,72
From 60 001 cu ft to 70 000 cu ft	236,81
From 70 001 cu ft to 80 000 cu ft	244,68
From 80 001 cu ft to 90 000 cu ft	252,56
From 90 001 cu ft to 100 000 cu ft	260,48

(c) For the fumigation of ships (for the extermination of rats, mice and fleas only) having a cubic capacity of over 100 000 cubic feet, fees at the following rates:

Approximate cubic capacity for fumigation	Ships in ballast per 1 000 cu ft	Ships loaded or partially loaded per 1 000 cu ft
	R	R
From 100 001 cu ft to 200 000 cu ft	1,44	1,50
From 200 001 cu ft to 300 000 cu ft	1,32	1,44
From 300 001 cu ft to 400 000 cu ft	1,23	1,32
From 400 001 cu ft to 450 000 cu ft	1,14	1,23
From 450 001 cu ft to 500 000 cu ft	1,11	1,20
From 500 001 cu ft to 550 000 cu ft	1,08	1,14
From 550 001 cu ft to 600 000 cu ft	1,07	1,11
From 600 001 cu ft to 650 000 cu ft	0,99	1,08
From 650 001 cu ft to 700 000 cu ft	0,93	1,07
From 700 001 cu ft and upwards	0,90	0,99

(d) For the fumigation of accommodation, storerooms, quarters, etc., for the extermination of bed-bugs and cockroaches, where the holds are also fumigated, the above in ballast prices will be increased by the extra charge of R0,25 per 1 000 cubic feet of such quarters.

(e) For the fumigation of ships used as troop or prisoner-of-war transports, or ships where the greater portion of the available space is used for purposes other than storage of cargo (e.g. hospital or warships) for the extermination- of rats and adult cockroaches throughout the ships with an exposure to gas of not less than 12 hours, a flat rate of R1,56 per 1 000 cubic feet of space fumigated.

(f) For the fumigation of ships for the extermination of lice throughout the ships, with an exposure to gas of not less than 12 hours, a flat rate of R1,60 per 1 000 cubic feet of space fumigated.

(g) For the application of a residual spray, a charge of R7,50 per gallon of spray, with a minimum charge of R14,50 for any one ship.".

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. 340 9 Maart 1973

VOORGESTELDE REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE REGISTRASIE, INVOER, VERVAARDIGING, VERVOER EN VERKOOP VAN VEEVOEDSEL EN DIE REGISTRASIE VAN STERILISERINGSINSTALLASIES

Die Minister van Landbou maak hierby ooreenkomstig subartikel (4) van artikel 23 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel en Middels, 1947 (Wet 36 van 1947), vir algemene inligting bekend dat dit die voorneme is om binne drie maande, maar nie vroeër as vier weke na die publikasie hiervan, die regulasies vervat in die Bylae hierby ter vervanging van die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 3892 van 5 Desember 1969 te publiseer.

Elkeen wat beswaar wil maak teen of vertoë wil rig aangaande die regulasies, word hierby uitgenooi om sodanige besware of vertoë binne vier weke na die datum van publikasie hiervan skriftelik by die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste, Privaatsak X116, Pretoria, in te dien.

BYLAE

VERTOLKING

Landboumiddels en Veemiddels

1. In hierdie regulasies het elke uitdrukking waaraan in die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg. Voorts, tensy in stryd met die samehang, beteken—

"die Wet" die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), soos gewysig;

"handelsmerk" dieselfde as "kenmerk" in die Wet;

"persent" of "persentasie" persent of persentasie volgens gewig op die natuurlike basis;

"proteïen" ru-proteïen;

"byvoedsel" enige mineraal, vitamien, antibiotikum of ander stof of enige mengsel van minerale of verbindings bestem of aangebied om as 'n byvoedsel gebruik te word of om met veevoedsel, water of enige stof gemeng te word ten einde 'n tekort in 'n veevoedsel of in weiding aan te vul, of om die groei of produktiwiteit te verhoog, afgesien daarvan of sodanige byvoedsel of stof geneeskundige eienskappe besit of nie;

"vet" eterekstrak;

"vesel" ru-vesel; en word

"CaO" geag gelyk te wees aan Ca×1.40, P_2O_5 aan P×2,29, proteïen aan N×6,25, $MnSO_4$ aan Mn×3, $CuSO_4$ aan Cu×4 en $COSO_4$ aan Co×5;

"konsentraat" bedoel enige eiwit, mineraal of vitamien of ander stof of enige mengsel van minerale of verbindings, wat volgens die vervaardigers se aanbevelings deur die koper of verbruiker met ander veevoedsel, water of enige ander stof gemeng word, en waarvan die eindproduk voldoen aan die vereistes vir die veevoedselmengsels gespesifiseer in hierdie regulasies;

"ureum" moet minstens 46 persent stikstof (N) bevat.

Nota.—Om ureum om te reken na proteïen ekwivalent moet die ureum inhoud met 2,87 vermenigvuldig word.

Registrasie

2. (1) Elke aansoek om die registrasie van 'n veevoedsel, of byvoedsel of steriliseringsinstallasie moet in drievoud gerig word, in die geval van—

(a) 'n veevoedsel of byvoedsel, in die vorm voorgeskryf in die Tweede Aanhangsel hiervan; en

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. 340 9 March 1973

PROPOSED REGULATIONS IN CONNECTION WITH THE REGISTRATION, IMPORTATION MANUFACTURE MOVEMENT AND SALE OF FARM FEEDS AND THE REGISTRATION OF STERILIZING PLANTS

The Minister of Agriculture hereby notifies for general information in terms of subsection (4) of section 23 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), that it is the intention to substitute the regulations in the Schedule hereto for the regulations published in Government Notice R 3892, dated 5 December 1969, within three months, but no sooner than four weeks after the date of publication hereof.

All persons concerned desiring to submit any objections or representations concerning these regulations are invited to lodge such objections or representations, in writing, within four weeks of the publication hereof with the Secretary for Agricultural Technical Services, Private Bag X116, Pretoria.

ANNEXURE

DEFINITIONS

Agricultural Remedies and Stock Remedies

1. In these regulations any expression to which a meaning is assigned by the Fertilizers, Farm Feeds and Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), shall have the meaning thus assigned to it. Further, unless inconsistent with the context—

"the Act" means the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), as amended;

"trade mark" means the same as "brand" in the Act;

"per cent" or "percentage" means per cent or percentage by weight on the natural basis;

"protein" means crude protein;

"supplement" means any mineral, vitamin, antibiotic or other substance or any mixture of minerals or compounds intended or offered to be used as a supplement, or to be mixed with a farm feed, water or any substances to rectify any deficiency in a farm feed or in grazing, or to promote the growth or productivity, whether or not the supplement or substance possesses medical properties;

"fat" means ether extract;

"fibre" means crude fibre; and

"CaO" shall be deemed to be equivalent to Ca×1,40, P_2O_5 to P×2,29, protein to M×6,25 MnSO, to Mn×3, CuSO, to Cu×4 and CoSO to Co×5;

"concentrate" means any protein, mineral or vitamin on other substance or any mixture of minerals or compounds which, according to the recommendations of the manufacturer are mixed with other farm feeds, water or any other substance by the purchaser or consumer and for farm feed mixtures specified in these regulations; for farm feed mixtures specified in these regulations;

"ureum" must contain a minimum of 46 per cent Nitrogen (N).

Note.—To bring ureum to the protein equivalent the ureum content should be multiplied by 2,87.

Registration

2. (1) Every application for the registration of a farm feed or a supplement or a sterilizing plant shall be directed, in triplicate, in the case of—

(a) a farm feed or a supplement, in the form prescribed in the Second Annexure hereto; and

(b) 'n steriliseringsinstallasie, in die vorm voorgeskryf in die Derde Aanhangsel hiervan, aan Die Registrasiebeampte van Veevoedsel (of Steriliseringsinstallasie), Wet 36 van 1947, Privaatsak X116, Pretoria, en moet vergesel gaan van—

(i) die registrasiegeld in die Eerste Aanhangsel gespesifiseer; en

(ii) in die geval van 'n veevoedsel of byvoedsel moet die aansoek vergesel gaan van drie getikte konsepetikette en 'n monster van ongeveer 1 kg.

(2) Voordat die Registrasiebeampte 'n aansoek om registrasie oorweeg, kan hy die aansoeker aansê om aan hom die nadere inligting (met inbegrip van, in die geval van 'n veevoedsel of byvoedsel, geskikte monsters daarvan) te verstrek wat hy mag nodig ag ten einde te kan vasstel of die betrokke veevoedsel of byvoedsel of steriliseringsinstallasie geskik en doeltreffend genoeg is vir die doel waarvoor dit bestem is.

(3) Van 1 Julie 1973 af sal die registrasie van veevoedsel of byvoedsel(s) slegs elke vier jaar, of vir 'n gedeelte van vier jaar plaasvind; dié tydperk sal bereken word van 1 Julie 1973 af. Aansoek om registrasie moet gedoen word op die vorms voorgeskryf in subregulasie (1) van hierdie regulasie en moet vergesel gaan van die registrasiegelde vermeld in die Eerste Aanhangsel hiervan.

(4) Wanneer 'n steriliseringsinstallasie geregistreer word moet die Registrasiebeampte aan die aansoeker 'n registrasiesertifikaat uitreik of laat uitreik, wat geldig is vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande en wat op 30 Junie elke jaar verval.

(5) Aansoek om hernuwing van 'n bestaande registrasie van 'n steriliseringsinstallasie moet ingedien word nie later as die datum waarop dit verval nie (nl. 30 Junie van elke jaar) in die vorm voorgeskryf in die Derde Aanhangsel.

Opmerking.—Aansoekers word aangeraai om hul aansoeke om hernuwing elke jaar gedurende Mei in te dien.

(6) Aansoek om die registrasie van 'n veevoedsel wat in die Republiek ingevoer word, word alleen deur die Registrasiebeampte oorweeg indien dit ingedien word in die naam van 'n verteenwoordiger wat in die Republiek woon of in die Republiek besigheid dryf.

(7) Wanneer iemand op wie se naam 'n veevoedsel geregistreer is sy regte ten opsigte van so 'n veevoedsel aan iemand anders oordra, moet laasgenoemde persoon of firma, ongeag of sodanige veevoedsel onder dieselfde naam verkoop sal word of nie, 'n nuwe oorspronklike aansoek vir die registrasie van die veevoedsel indien en is die feit dat die betrokke veevoedsel voorheen geregistreer was, geen waarborg dat dit weer vir registrasie aanneemlik sal wees nie.

Appèlle

3. (1) Wanneer 'n aansoek om registrasie van die hand gewys is, of die registrasie ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 (3) van die Wet aan voorwaardes onderworpe gemaak is, of ooreenkomstig die bepalings van artikel 4 van die Wet ingetrek is, moet die Registrasiebeampte die applikant van die redes vir die weiering, oplegging van voorwaardes of intrekking, skriftelik in kennis stel en kan die applikant binne 56 dae nadat hy van die weiering, oplegging van voorwaardes of intrekking in kennis gestel is skriftelik by die Minister teen sodanige besluit appèl aanteken tesame met 'n uiteensetting van die gronde waarop die appèl gebasseer is.

(2) Na oorweging van die appèl verwittig die Minister of laat hy die applikant skriftelik van sy beslissing verwittig.

(b) a sterilising plant, in the form prescribed in the Third Annexure hereto, to the Registering Officer of Farm Feeds (or Sterilising plants), Act 36 of 1947, Private Bag X116, Pretoria, and shall be accompanied by—

(i) the registration fee as specified in the First Annexure hereto and;

(ii) in the case of a farm feed or supplement the application must be accompanied by three typed copies of the proposed label and a sample of approximately 1 kg.

(2) Before considering an application for registration the Registering Officer may call upon the applicant to furnish him with such further information (including, in the case of a farm feed or a supplement suitable samples thereof) as he may deem necessary in order to determine whether that farm feed or supplement or sterilising plant in question is suitable and sufficiently effective for the purpose for which it is intended.

(3) As from 1 July 1973 the registration of farm feeds or supplement shall only take place every fourth year, or part of four years, which period shall be calculated as from 1 July 1969. Applications for registration shall be submitted on the forms prescribed by subregulation (1) of these regulations and shall be accompanied by the registration fees set out in the First Annexure hereto.

(4) Whenever a sterilising plant is registered, the Registering Officer shall issue or cause to be issued to the applicant a registration certificate, which shall be valid for a period not exceeding 12 months and which shall expire on 30 June of each year.

(5) An application for the renewal of an existing registration for a sterilising plant shall be submitted in the form prescribed in the Third Annexure hereto not later than the date on which it expires (namely on 30 June of each year)

Note.—Applicants are advised to submit their applications for renewal during May of each year.

(6) Application for the registration of a farm feed that is imported into the Republic shall be considered only if submitted through a representative of the manufacturer resident or carrying on business within the Republic.

(7) If a person in whose name a farm feed is registered transfers his rights to somebody else, the last-mentioned person or firm shall, irrespective of whether the farm feed will be sold under the same name or not, submit an original application for the registration of the farm feed and the fact that the farm feed was previously registered will be no guarantee that it will again be acceptable for registration.

Appeals

3. (1) Whenever an application for registration has been rejected, or where a registration has been made subject to conditions in terms of section 3 (3) of the Act, or has been cancelled in terms of section 4 of the Act, the Registering Officer shall notify the applicant in writing of the reasons for such rejection, imposition of conditions or cancellation, and the applicant may, within 56 days of being notified of such rejection, imposition of conditions or cancellation, appeal to the Minister, in writing, against such decision.

(2) After consideration of the appeal the Minister shall inform the applicant or cause the applicant to be informed in writing, of his decision.

Verpakking

4. Elke houer waarin 'n veevoedsel of byvoedsel verkoop word, moet heel, skoon, nie met siektes of insekte besmet wees nie en op so 'n wyse toegemaak wees dat dit vee nie kan beseer nie.

Merke

5. (1) Niemand mag 'n veevoedsel verkoop nie tensy daar op elke houer waarin die veevoedsel vir verkoop verpak word, of op 'n etiket aan sodanige houer geheg, duidelik en leesbaar gemerk word—

(a) die registrasienommer van die veevoedsel of byvoedsel uitgedruk as Reg. No. ..... (Wet 36 van 1947);

(b) die naam en adres van die geregistreerde kantoor van die vervaardiger of die naam en adres van die firma of persoon wat ook verantwoordelik is vir die registrasie daarvan en die naam en handelsmerk (indien enige) van die veevoedsel en die netto gewig van die inhoud van die houer;

(c) die klas of soort veevoedsel soos beskryf in die betrokke regulasie;

(d) die samestelling van die veevoedsel of byvoedsel, aangegee as minimum of maksimum persentasies van betrokke bestanddele, byvoorbeeld, "minstens ..... persent proteïen" of "hoogstens ..... persent vesel.".

Opmerking.—Hierdie samestelling moet 'n faksimilee van dié op die aansoekvorm wees en kan 'n verbetering op die minimum vereistes van die regulasies wees. Die Wet kan toegepas word op die samestelling wat op die etiket verklaar word;

(e) in die geval van 'n mineraalstof om met 'n veevoedsel, water of enige ander stof gemeng te word, uitvoerige aanwysings oor hoe dit gemeng behoort te word;

(f) in die geval van pluimveemeel, òf die mengsel met graan òf as 'n volmeelkos gevoer moet word;

(g) in die geval van 'n ongemengde veevoedsel wat 8 persent of meer vet bevat moet die anti-oksideermiddel wat bygevoeg is gespesifiseer word.

5. (2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) van hierdie regulasie, moet daar op die houer waarin 'n veevoedsel verkoop word of op 'n etiket daaraan geheg die volgende besonderhede duidelik en leesbaar, verstrek word ten opsigte van die stowwe wat kragtens regulasies 15, 16 en 17 by die veevoedsel gevoeg is:

(a) Die naam van die antimikrobiese stof, hormoon of ander chemiese stof, wat bygevoeg is;

(b) die hoeveelheid bygevoeg;

(c) die periode van onttrekking van behandelde veevoedsel, of water voor slagting;

(d) die doel van die byvoedsel, dit wil sê vir terapie, of as groeistimulant, ens.

Fakture

6. (1) Behoudens soos bepaal in subregulasie (2) moet daar op die faktuur wat, soos vereis by artikel 9 van die Wet, aan 'n koper van 'n veevoedsel oorhandig of gestuur moet word, aangedui word—

(a) die naam en adres van die persoon deur wie dit verkoop word;

(b) die naam en adres van die persoon aan wie dit verkoop word;

(c) die klas of soort veevoedsel soos beskryf in die betrokke regulasie;

(d) die netto gewig; en

(e) die verkoopdatum.

(2) Wanneer veevoedsel in massa verkoop word moet die faktuur vergesel gaan van 'n behoorlike etiket met die besonderhede soos vereis deur regulasie (5) (1) van hierdie regulasies.

Packing

4. Any container in which a farm feed or supplement is sold shall be whole, clean and free from infection and insect infestation, and shall be closed by methods which can cause no injury to stock.

Markings

5. (1) No person shall sell any farm feed unless there is clearly and legibly marked on every container in which the farm feed intended for sale is packed, or on a label attached thereto—

(a) the registration number of the farm feed or supplement expressed as Reg. No.....(Act 36 of 1947);

(b) the name and address of the registered office of the manufacturer or the name and address of the firm or person responsible for the registration thereof, the name and the brand, if any, of the farm feed and the net weight of the contents of the container;

(c) the class or kind of farm feed as described in the relevant regulation;

(d) the composition of the farm feed or supplement stated as minimum or maximum percentages of the constituents concerned; for instance, "not less than..... per cent protein" or "not more than ..... per cent fibre.".

Note.—This composition shall be facsimile of that on the application form and may be an improvement of the minimum requirements of the regulations. The Act will be enforceable on the composition declared on the label;

(e) in the case of a mineral substance intended for mixing with a farm feed, water or any other substance, full instructions of how it should be mixed;

(f) in the case of poultry meal, whether the mixture should be fed as an all mash or with grain;

(g) in the case of an unmixed farm feed containing 8 per cent or more of fat the anti-oxidant added must be specified.

5. (2) Save as otherwise provided in subregulation (1) the following particulars in respect of the substance that has been added to the farm feed in terms of regulations 15, 16 and 17 must be clearly and legibly marked on the container in which the farm feed is packed, or on a label attached thereto:

(a) The name of the antimicrobial substance, hormone or other chemical substance added;

(b) the quantity added;

(c) the period of withdrawal of the treated farm feed or water before slaughtering;

(d) the purpose of additive whether for therapeutic purposes or as growth stimulant, etc.

Invoices

6. (1) Save as provided in subregulation (2) the invoice to be given or sent to a purchaser of a farm feed as required by section 9 of the Act, shall indicate—

(a) the name and address of the person by whom it is sold;

(b) the name and address of the person to whom it is sold;

(c) the class or kind of farm feed as described in the relevant regulation;

(d) the net weight; and

(e) the date of sale.

(2) Whenever the farm feed is sold in bulk the invoice shall be accompanied by a proper label indicating the particulars required by regulation 5 (1) of these regulations.

Stowwe Nadelig vir Vee

7. (1) Niemand mag 'n veevoedsel verkoop wat stowwe bevat in sodanige hoeveelhede dat dit 'n nadelige uitwerking op die gesondheid of produktiwiteite van diere kan hê, of waarvan bekend is dat dit in die besondere soort of klas 'n lae voedingswaarde het of wat besmet of besoedel is met patogene organismes, insluitende bacillus anthracis en organismes van die gasgangreentipe, of wat verrottings- of ander organismes bevat in hoeveelhede wat waarskynlik die gesondheid van vee kan benadeel, of wat enige tekens van bederf toon, of wat heel onkruidsaad bevat nie.

(2) Geen stof of chemiese verbinding waarvoor geen vereistes in hierdie regulasies voorgeskryf is, mag geregistreer word nie, tensy daar benewens die besonderhede genoem in subregulasie (1) van regulasie 5 op die houer waarin dit verkoop word of op 'n etiket daaraan geheg, die volgende besonderhede duidelik en leesbaar gemerk of gedruk is:

(a) Die naam van die stof of chemiese verbinding soos deur die Registrasiebeampte aangeneem; en

(b) die gebruiksaanwysings.

(3) Geen veevoedsel mag geregistreer word indien 'n stof of chemiese verbinding waarvoor geen vereistes in hierdie regulasies voorgeskryf is, daarin opgeneem is nie, tensy daar benewens die besonderhede genoem in subregulasie (1) van regulasie 5 op die houer waarin dit verkoop word of op 'n etiket daaraan geheg, die volgende besonderhede duidelik en leesbaar gemerk of gedruk is:

(a) Die naam van die stof of chemiese verbinding soos deur die Registrasiebeampte aangeneem;

(b) die hoeveelheid aktiewe bestanddeel, opgeneem per gewigseenheid veevoedsel.

Adverteer van Veevoedsel

8. (a) 'n Advertensie in verband met veevoedsel moet aandui—

(i) wat die registrasienommer van die betrokke veevoedsel is; en

(ii) die naam en adres van die persoon of firma in wie se naam die veevoedsel geregistreer is.

(b) Verwysing na registrasie in advertensieliteratuur word beperk tot die woorde "Reg. No....., Wet 36 van 1947".

(c) Aansprake in advertensies met betrekking tot die voedselbestanddele van veevoedsel word beperk tot dié wat op die betrokke aansoekvorm verskyn en wat deur die Registrasiebeampte goedgekeur is ten opsigte van sodanige veevoedsel toe hy laas die aansoek om registrasie toegestaan het.

(d) Die chemiese ontleding of waarborg van elke veevoedsel soos op die aansoekvorm vir registrasie van sodanige veevoedsel gemeld, moet in elke advertensie van sodanige veevoedsel gemeld word.

(e) Die naam van die veevoedsel wat in 'n advertensie verskyn, moet dié wees wat op die betrokke registrasiesertifikaat vermeld staan.

(f) 'n Getikte of gedrukte kopie van 'n advertensie ten opsigte van 'n veevoedsel moet binne 14 dae na die eerste publikasie daarvan by die Registrasiebeampte ingedien word.

Spesifikasies vir Veevoedselmengsels

9. (1) Alle veevoedselmengsels wat vir verkoop aangebied word, moet geregistreer wees.

(2) Die spesifikasies vir veevoedselmengsels is in die volgende tabel vervat:

Substances Detrimental to Stock

7. (1) No person shall sell a farm feed which contains substances in quantities which can in any way detrimentally affect the health or productivity of animals, or which is of known inferior feeding quality in its kind or class, or which is infected with or contaminated by pathogenic organisms, including bacillus anthracis and organisms of the gas-gangrene type, or which contains any putrefactive or other organisms in quantities which are likely to endanger the health of stock, or which shows any evidence of spoilage, or contains whole weed seed.

(2) No substance or chemical compound for which no requirements have been specified in these regulations shall be registered unless the following particulars, in addition to the particulars mentioned in subregulation (1) or regulation 5, are clearly and legibly marked or printed on the container in which it is sold or on a label attached thereto:

(a) The name of the substance or chemical compound as accepted by the Registering Officer; and

(b) the directions for use.

(3) No farm feed shall be registered if a substance or chemical compound, for which no requirements have been specified in these regulations, has been incorporated in it, unless the following particulars, in addition to the particulars mentioned in subregulation (1) or regulation 5, are clearly and legibly marked or printed on the container in which it is sold or on a label attached thereto:

(a) The name of substance or chemical compound, as accepted by the Registering Officer;

(b) the amount of active ingredient incorporated per unit of weight of farm feed.

Advertising of Farm Feeds

8. (a) Any advertisement which relates to a farm feed must indicate—

(i) the registration number of the farm feed concerned; and

(ii) the name and address of the person or firm in whose name the farm feed is registered.

(b) Reference to registration in advertising literature shall be confined to the words "Reg. No....., Act 36 of 1947".

(c) Claims in advertisements relating to the food ingredients of a farm feed shall be restricted to those appearing on the relative application form and which were approved by the Registering Officer in respect of such farm feeds when the last granted the application for registration.

